

*Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel.  
U beskerm die wat u Naam liefhet, en ulle juig oor U. (Psalm 5:12)*

Liewe vriende,

Aanlyn onderrig behels nie net die korrigeer van studente se werkstukke en klasse per Zoom nie, maar ook daaglikse korrespondensie. Chris ontvang baie persoonlike e-posse van die meer as honderd Chinese studente wat sy kursusse volg (Ou en Nuwe Testament). Die studente deel hulle lief en leed, bring hulle vrae en soek na bemoediging. Johanna het kontak met enkele studente, veral jong vrouens en moeders wat teologie studeer. Ons bid vir al ons studente wat getrou bly en die Here dien ondanks die uitdagings, beperkings en gevare waaraan hulle blootgestel is.



*'n Student met sy gesin*

Vandag wil ons 'n kort briefwisseling (die Afrikaanse vertaling, nie die oorspronklike in Chinees nie!) met julle deel wat ons verheug en aangemoedig het.

Op 22 Maart skryf student Dawei aan Chris: “My siel is in konflik, ek soek u raad. Ek glo dat die kerk die sendingopdrag moet uitvoer en moet evangeliseer. Paasfees sou 'n goeie geleentheid wees om Christelike traktate op straat te versprei. Maar die leiers van ons kerk is geneig om eerder

te dink aan die stabiliteit en veiligheid van die kerk. Evangelisasie in China is nie so veilig nie - maar dit is tog ook nie noodwendig gevaarlik nie. Die Bybel leer ons dat ons ter aller tye God se Woord moet verkondig, of dit nou geleë of ongeleë is. Te midde van hierdie spanning is ek bekommerd oor ons Kerk, maar wil ons leiers gehoorsaam wees. Hoe moet ek hierdie innerlike stryd hanteer?”

In antwoord hierop skryf Chris: “Ek weet dat mens in China baie versigtig moet wees as jy die evangelie openlik wil verkondig. Julle leiers is reg om besorg te wees oor die veiligheid van die kerk. Soos jy sê, is dit ons verantwoordelikheid om die evangelie te verkondig, om mense die geleentheid te gee om die evangelie te hoor, om hulle te help om die Here Jesus te leer ken. Maar die verspreiding van traktaatjies op straat is nie die enigste opsie nie. Dit sal miskien effektiewer wees om iets met mense te onderneem, hulle uit te nooi vir 'n ete, 'n aktiwiteit te organiseer, 'n gesprek met hulle aan te knoop ... Op hierdie manier het jy die geleentheid om hulle op 'n natuurlike wyse die goeie nuus van Jesus se liefde te vertel. Paasfees is ook bekend in China. My vrou stel voor dat julle eiers wat in papier met Bybelverse daarop toegedraai is, kan uitdeel. Ons kan maar net elke dag die Here om wysheid bid om die evangelisasie-geleentheid wat Hy vir ons voorberei het, te erken.”

Op 12 April skryf Dawei met vreugde: “Ek is tans baie besig, maar wil tog graag die groot vreugde van ons Paasfees met u deel. Ek het lank nagedink oor u antwoord op my e-pos: hoe kan ek die evangelie tydens die Paasfees oordra? Toe kom ek op die idee: ons kan vriende en kollegas van die werk – geen Christene nie - na 'n uitstappie uitnooi! So kon ons toe saam speel en eet en die evangelie met hulle deel. Verder het ons gelowiges op Paassondag self mekaar in die botaniese tuin ontmoet om saam liedere te sing. Dit was 'n verrassing om te sien hoeveel mense wat daar rondstap, bly staan het om na ons te luister. Ek

het evangelistiese pamflette saamgebring. Ons het die Heilige Gees gevolg: terwyl sommige van ons Christelike liedere sing, het ander die pamflette uitgedeel en paaseiers vir die kinders gegee. So kon ons honderd tot tweehonderd traktate versprei en die geleentheid benut om met verskeie mense te gesels en die evangelie te verkondig. My vrou kon die liefde van Jesus met 'n groep kinders deel. Ons kon selfs met enkele van hulle 'n geloofsgebed doen! Hierdie Paassondag het baie van ons medegelowiges diep geraak en geïnspireer. Ek kon duidelik die teenwoordigheid van die Heilige Gees voel. Hy het die weg vir ons oopgemaak sodat ons God se naam kon eer! ”

Op 14 April ontvang Chris nog 'n e-pos: “Nog meer goeie nuus: ons jeuggroep het gisteraand vergader. 'n Jong student wat in die Christelike geloof belangstel, was ook daar. Met Paasfees in die botaniese tuin was sy aangetrek deur die lied Amazing Grace, nou wil sy meer oor die Christelike geloof weet. Ek het die hele aand met haar en 'n ander belangstellende gesels. Die student -

haar naam is Jiayuan - wil graag verder ons byeenkomste bywoon. Bid asseblief vir haar.”

Hierdie is net een voorbeeld van die soort briefwisseling wat ons daagliks met Christen in China het. Wat 'n voorreg om van hulle entoesiasme vir die evangelie te kan leer!

Ons dank die Here vir gesondheid, vir die geleentheid wat Hy ons skenk vir getuieis en diens, nie net in China via die internet nie, maar ook hier in Rafz en in Weisslingen (prediking in plaaslike gemeentes). Mag die Here ons deur sy Gees lei sodat ons elke geleentheid tot sy eer kan gebruik!

Baie dankie vir julle voorbidding vir ons en ons studente.

Ons wens julle God se seën en beskerming toe in hierdie onsekere tye!

Met vriendelike groete,

Chris en Johanna (鄧開福，蘇恩惠)



*Paasfees 2021: Dawei met sy gemeente in die botaniese tuin*

Chris and Johanna Dippenaar  
Heereguet 10  
8197 Rafz  
**Switzerland**  
Tel +41 52 5339766  
e-mail Chris: [dippenaar@gmx.net](mailto:dippenaar@gmx.net)  
Johanna: [joh.dippenaar@gmail.com](mailto:joh.dippenaar@gmail.com)

**Schweizerische Missions-Gemeinschaft**  
CH-8401 Winterthur  
Tel: +41 52 235 32 52; e-mail: [smg@smgworld.ch](mailto:smg@smgworld.ch)  
IBAN: CH92 0900 0000 8004 2881 3  
SWIFT: POFICHBEXXX  
Konto: 80-42881-3 (To: „Dippenaar“)

